

## **HOOFSTUK 3: EMPIRIESE NAVORSING**

### **3.1. INLEIDING**

In hierdie hoofstuk beskryf die navorser Gestaltspelterapeutiese intervensie vir die hantering van die kind wat verlies ervaar. Die beskrywing word vanuit 'n pastorale perspektief gedoen. Hierdie perspektief is gekies omdat dit toelaat dat die kind as 'n holistiese wese ondersoek word deur binne die terapeutiese opset die kind wat verlies ervaar nie net op die emosionele, kognitiewe, fisieke en sosiale vlak aan te spreek nie, maar ook op die geestelike vlak. Die navorser het vir die doel van hierdie studie drie dogters tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar as gevallestudies gebruik in die vorm van Gestaltspelterapeutiese intervensie. Verder is daar met verskeie kinders en ouers van kinders wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, ongestruktureerde onderhoude gevoer om te bepaal wat die kinders se algemene belewing was na die afsterwe van 'n geliefde. In hierdie onderhoude is daar ook verwys na die geestelike belewing van die kind. Daar is ook onderhoude met kundiges gevoer waarvoor terugvoer gegee word. 'n Opsomming van hoe die navorser tydens hierdie ongestruktureerde onderhoude tot insig gekom het, word gegee. Die verloop van die terapeutiese intervensie met elkeen van die drie gevallestudies word vervolgens in besonderhede beskryf.

### **3.2. TERAPEUTIESE INTERVENSIË**

Die navorser het met die werwing van geskikte kandidate vir die gevallestudies waargeneem dat die ervaring van verlies met die dood van 'n geliefde 'n sensitiewe saak is. Kinders was dikwels nie gewillig om vir terapie in te skakel nie en het aangedui dat hulle nie met die emosie met betrekking tot die geliefde wat gesterf het, gekonfronteer wil word nie. Ander weer, het gevoel dat hulle nie nodig het om oor die geliefde wat gesterf het te praat nie omdat hulle dit "agter hulle gesit het". Dikwels was dit die ouers of grootouers wat geoordeel het dat die kind wat verlies ervaar het nie verder ontstel moet word deur oor die dood van die geliefde te praat nie. Dit was vir die navorser insiggewend hoe verlies en die hantering daarvan in hierdie opsig hanteer word. In

hoofstuk 4 word die voorkoms hiervan in korrelasie met die literatuurstudie wat onderneem is, bespreek.

Drie gevallestudies is gedoen met drie dogters waarvan die jongste ses jaar en die ander twee albei agt jaar oud is. Tydens die bespreking van die gevallestudies word daar na die navorser as die terapeut verwys.

### **3.3. GEVALLESTUDIE A**

#### **3.3.1. Agtergrond**

A is 'n agtjarige dogter wie se vader 'n jaar gelede oorlede is. Haar ma is bekommerd omdat sy nie praat oor haar gevoelens na haar pa se dood nie. Sy kom ongelukkig voor, maar praat nie daaroor nie. Sy huil partykeer nog. Sy het ook vir haar ma gevra waarom God haar pa laat doodgaan het. Die ma is self emosioneel wanneer sy oor die afsterwe van haar man praat. Die gebeure rondom die afsterwe was op sigself traumaties vir die gesin. Na A se pa gesterf het, het sy baie sekondêre verliese ervaar. A was na haar pa se dood reeds by twee spelterapeute. Terapie is gestaak omdat daar nie meer fondse was om vir terapie te betaal nie. Haar ma ervaar dat A nou meer onttrek as direk na haar pa se dood.

#### **3.3.2. Sessie 1**

Tydens die eerste ontmoeting met A begin die terapeut om 'n verhouding met die kind te bou deur 'n speletjie te speel wat vir haar aangenaam is en wat haar op haar gemak stel. A kom stil en skamerig voor en daarom is die bou van 'n verhouding des te meer belangrik sodat A die terapeut kan leer ken en vertrou. Die terapeut gee ook aan A die versekering van vertroulikheid van wat in die terapeutiese sessies bespreek word. Algemene gesprek vind plaas, waarna A 'n voorstelling teken van al haar gunsteling eetgoed en speelgoed, asook aktiwiteite waaraan sy graag deelneem. A teken roomys en Barbie's, asook olifante. Die terapeut het voor A haar voorstelling geteken het, ter verduideliking die voorbeelde van roomys en Barbie's genoem. Dit kan wees dat A werklik baie van roomys en Barbie's hou of dit kan daarop dui dat sy maklik deur leidende voorstelle beïnvloed kan word. Die terapeut neem kennis dat sy bedag moet wees daarop om nie enige leidende vrae aan A te stel nie. Dit kan ook wees dat A se

optrede die "Topdog/Underdog" aspek vergestalt waar sy voel dat sy die terapeut se voorbeelde moet gebruik, in plaas daarvan om te teken wat sy self graag wil.

A neem tyd om vrae te beantwoord en is lank stil terwyl sy oor die vrae dink. A noem ook dat sy baie van olifante hou, omdat haar pa baie van olifante gehou het. Wanneer sy aan olifante dink, onthou sy haar pa. Sy gaan by die skool vir haar klasmondeling ook oor olifante praat. Die terapeut let op dat sy haar pa se voorliefdes as haar eie assimileer, omdat sy daardeur voel dat sy nou in die hede in kontak met haar pa bly.

Daar word nog 'n bordspel gespeel voordat die terapeut die sessie afsluit deur A voor te berei op die volgende week se sessie. Vir die volgende sessie beplan die terapeut om speletjies met ballonne en lekkers te speel waar die kind sensories geëvalueer en begelei word om emosies te identifiseer. A verlaat die sessie met 'n glimlag en kom positief voor oor terapie.

Die terapeut let op dat A se pa baie sterk op haar voorgrond is deurdat sy reeds tydens die eerste sessie spontaan na hom verwys en kies om sy en haar gunsteling dier te teken. Die terapeut neem ook kennis dat A se proses daarop dui dat sy sensitief ingestel is op wat ander voel en ervaar, asook dat sy tyd nodig het om oor iets te dink voordat sy reageer. Die terapeut sal in die volgende sessies deurlopend aandag gee aan die verhoudingsbou aspekte.

### **3.3.3. Sessie 2**

A kom vriendelik en opgewonde voor tydens terapie. Daar word vingerbord gespeel vir verhoudingsbou. 'n Sensoriese aktiwiteit word met lekkers gedoen wat A baie geniet. Sy is sensories in takt deurdat sy vorms, tekstuur, geur en smaak goed kan herken. Vervolgens word daar oor verskillende emosies gepraat. A noem wat haar bly, hartseer, bang en kwaad maak. As hulle op 'n uitstappie gaan is sy bly, dat haar pa dood is maak haar hartseer; as hulle in die motor ry is sy partykeer bang en sy weet nie wat haar kwaad maak nie. Daar word nie op die besonderhede ingegaan van dit wat haar bang of hartseer maak nie, daar word slegs gekonsentreer op die ervaring van die emosie. Vrae wat gevra word, lui onder meer: "Hoe voel dit as jy bang is?" "Wat doen jy as jy

bang is?" A teken die verskillende emosies op ballonne wat sy mag huis toe neem. Sy wil nie die ballon met die emosies waarvan sy nie hou nie, bars nie. Die sessie word afgesluit deurdat die terapeut verwys na 'n kunsaktiwiteit wat A in die volgende sessie gaan verrig. Die terapeut fokus op selfvertroeteling deur vir A te vra wat sy daardie dag gaan doen wat vir haar spesiaal en lekker is om te doen.

Die terapeut beplan om die volgende week 'n projeksie te doen met die prent wat A sal maak. Waarnemings wat die terapeut maak is weer eens dat A se pa op haar voorgrond is deurdat sy self 'n opmerking oor hom maak of iets van haar ervaring of beleving aan hom koppel. A is ook bewus van haar eie gevoel van hartseer oor haar pa se afsterwe. Tydens die terapeut se terugvoer aan haar ma, huil A se ma weer. Die terapeut wonder watter invloed die ma se sterk emosies rondom die pa se dood op A se beleving van haar verlies het, veral in die lig daarvan dat A sensitief ingestel is op ander se gevoelens. A se ma gee te kenne dat sy besef dat sy haar emosies moet beheer sodat A vrymoedigheid sal hê om met haar oor haar pa te praat. Sy noem dat sy egter so min tyd vir haarself het en dikwels in die aande oormoeg is en dan nie meer reserwes oor het om die kinders se hartseer te hanteer nie.

#### **3.3.4. Sessie 3**

A kies om met klei 'n prent te maak. Sy maak die prent in stilte met beperkte gesprek tussendeur. Die terapeut gee haar opsetlik stilte sodat sy op die projeksie kan fokus. A voltooi die prent en die terapeut hanteer Oaklander se 14 stappe met A as 'n projeksietegniek. Sy reageer goed daarop deurdat sy besit neem van die emosies wat in die projeksie na vore kom. A se bewustheidskontinuum funksioneer goed deurdat sy tydens die projeksie konstant haar sensore benut deur byvoorbeeld na die reuk, tekstuur en kleur van die klei waarmee sy werk te verwys.

A maak 'n projeksie van 'n blom wat haarself voorstel en wat reeds een jaar lank dood is. Sy voel die afgelope jaar so vandat haar pa dood is. Die gras is ook dood en stel haar beste maatjie voor wat 'n jaar gelede Australië toe verhuis het. Sy maak ook 'n 8 wat die maatjie wat die oggend saam met haar gedans het, voorstel. Die 8 is nie werklik betrokke by die res van die prentjie nie. Die wolke laat dit weer reën sodat die blom en

gras weer kan groei. Die wolke is 'n vriendin van die gesin wat met haar speel en haar op uitstappies neem. Dit laat haar beter voel sodat sy nie so hartseer voel nie. Daar word gepraat oor haar verlange na haar pa en hartseer wat sy na sy dood ervaar. Die terapeut vra uit na wat sy van haar pa kan onthou, sodat sy haar emosies rondom haar pa in die hier-en-nou kan ervaar. Sy antwoord dat hy groot hande gehad het waarmee hy haar opgetel en rondgedra het. Sy onthou hoe dit voel as haar pa haar opgetel het. Sy mis dit.

Later vra sy om 'n ander speletjie te speel. Die terapeut vermoed dat die sessie vir haar emosioneel uitputtend raak. Die terapeut stem in, maar sluit die projeksie af deur saam te vat oor die emosie wat uitgekóm het rondom haar pa se afsterwe. Die terapeut vra A wat sy doen om beter te voel wanneer sy so hartseer is oor haar pa. Die doel van die vraag is om A bewus te maak van moontlike alternatiewe gedrag wat haar kan help om haar hartseer konstruktief te verwerk. Sy noem dat sy op uitstappies gaan. Die terapeut vra wat sy kan doen as dit al laat in die aand is en sy nêrens kan gaan nie. Sy sê dat sy met haar ma gaan praat. Die terapeut vra wat sy sal kan doen indien sy nie met haar ma kan gaan praat nie, aangesien die terapeut bewus is van die ma se huidige emosionele belewenis rondom haar man se dood en dat sy tans nie emosioneel in staat is om dit met haar dogter te bespreek nie. A kan nie aan iets dink nie. Die terapeut vra of die terapeut self kan voorstelle maak wat A kan doen. Die terapeut vra of dit sal help om 'n prent te teken as sy nie met haar ma kan gaan praat nie.

Die terapeut besluit om teenoor A 'n stuk selferkenning te deel om aan A begrip te demonstreer. Die terapeut deel met haar dat die terapeut se eie pa dood is toe sy 11 jaar oud was en dat sy baat gevind het om haar gevoelens neer te skryf en dat sy met God gepraat het oor haar hartseer. Die terapeut vra of sy dink dat dit vir haar sal kan werk. Sy sê dat sy dit al gedoen het en weer sal probeer. Die terapeut gee aan haar 'n plakboek waarin sy elke week 'n gesiggie kan plak as 'n aangename aktiwiteit net voor die terapeutiese sessie afgesluit word.

Die terapeut het tydens hierdie sessie A se hartseeremosie oor haar pa se dood tasbaar aangevoel. Om hierdie rede was die terapeut van mening dat sy iets uit haar persoonlike lewe met A moes deel, sodat A kon ervaar dat die terapeut werklik empatie het met die hartseer waardeur sy gaan. Die terapeut beplan om tydens die volgende sessie meer emosies rondom haar pa se afsterwe te ontgin, asook om na sekondêre verliese te kyk. Vrae wat gevra kan word is: "Wat is anders na Pappa se dood?" Daar sal dan na polariteite gekyk word met vrae soos: "Wat kan dit beter maak?"

### **3.3.5. Sessie 4**

A speel in die sandbak. Sy maak 'n projeksie met waterdiere aan die een kant en perde aan die ander kant wat met mekaar baklei. Die perde is hartseer, want die waterdiere het hulle babaperd geëet. Sy stel haarself, ma en boetie as die perde voor. Hulle is hartseer oor Pappa wat dood is. Ander emosies wat in die projeksie na vore kom is bang en kwaad. Sy eien egter nie hierdie emosies vir haarself toe nie. Sy noem ook nie wie die waterdiere voorstel nie. Die terapeut hanteer weer die hartseeremosies en laat A toe om daaroor te praat. Die terapeut sien nie die sessie in 'n positiewe lig nie, aangesien daar nie goeie kontak was nie en die terapeut weens siekte self gesukkel het om op relevante aspekte te fokus. Die sessie word afgesluit deurdat A 'n gesiggie in haar plakboek plak.

Die terapeut sal graag die ander emosies soos bang en kwaad wat na vore gekom het wil ondersoek en na A se ervaring van sekondêre verliese kyk.

### **3.3.6. Sessie 5**

A verras die terapeut deurdat sy 'n fotoalbum saambring met spesiale foto's van hulle gesin toe haar pa nog geleef het. Sy wys met trots foto's van haar pa. Sy vertel ook spontaan by elke foto hoe oud sy en haar boetie was en waar hulle was, ensovoorts. Daar word gepraat oor die spesiale tye saam met haar pa wat sy kan onthou. Sy mis dit dat hy nie meer met hulle speel nie en sy mis sy liefde. Sy maak 'n prent wat sy graag vir haar pa sou wou maak. Die prent is van hulle gesin wat in die berge vakansie hou. Die terapeut maak haar bewus daarvan dat sy so gelukkig kan voel dat haar pa met haar gespeel het en vir haar lief was. Die terapeut benut die geleentheid vir dialoog wat

tot bewuswording lei en vra A waar haar pa se liefde vir haar nou is. Sy antwoord dat dit in haar hart is. Die terapeut vra: "Kan iemand daardie liefde ooit van jou wegvat?" A antwoord: "Nee, dit is vir altyd in my hart". Die slotsom word gemaak dat haar pa se liefde altyd by haar sal bly, selfs as sy oud is. Haar pa is liggaamlik nie meer by haar nie, maar sy liefde bly in haar hart. A glimlag spontaan en dit is duidelik dat dit vir haar 'n heerlike bewuswording is. Deur hierdie proses van dialoog kon die terapeut A se ervaring van haar pa se liefde tot in die teenswoordige tyd bring.

A praat van haar pa asof hy in die hemel by Jesus is. Sy glo dat sy hom weer eendag gaan sien en dit gee haar hoop om aan vas te hou. Die sessie word afgesluit en A vertel dat sy die naweek by haar ouma gaan kuier.

Die terapeut sal graag probeer vasstel of die emosie van kwaad wel by A teenwoordig is, aangesien sy nie weer daaroor praat nadat sy in sessie 4 daarna verwys het nie. Die vraag wat by die terapeut na vore kom, is of die gevoel van kwaad of teleurstelling wat A ervaar aan haar geestelike belewing gekoppel kan word al dan nie. A en haar boetie was teenwoordig toe haar pa aan 'n hartaanval gesterf het, en hulle het volgens haar ma hardop gebid en by God gepleit dat haar pa nie moet doodgaan nie. Die terapeut voel dat sy egter nie oor die onderwerp kan begin praat indien A dit nie ophaal nie.

Vir die volgende sessie word daar beplan om die monstertegniek te doen om te kyk of enige ander negatiewe emosies na vore kom wat hanteer behoort te word. Die terapeut gee weer terugvoering aan A se ma. A praat nog steeds niks met haar ma oor wat sy voel of ervaar nie. Die terapeut moedig die ma aan om met A oor ander sake te praat sodat hulle hul verhouding in stand kan hou deur nog te kan praat, al praat hulle nie oor die pa of wat hulle ervaar na sy afsterwe nie.

### **3.3.7. Sessie 6**

A vertel van die naweek by haar ouma. Daar word met klei gewerk. A maak 'n monster. Die monster maak haar bang. Net haar ma weet van die monster. Die monster spring gedurig agter 'n muur uit en maak haar skrik. Sy hardloop dan na haar ma en haar ma sê vir haar dit is "okay" Sy kan egter nie die monster eien nie, hy het nie 'n gesig nie en

praat ook nie met haar nie. Sy koppel slegs die emosie van bang aan die monster. Die terapeut vertel vir A van die monster wat die terapeut gemaak het. Die terapeut benut haar eie proses in die terapeutiese sessie om A te help om haar vrese te kan eien deur weer van die tegniek van selferkenning gebruik te maak. Die terapeut se monster sê vir haar goed wat haar bang maak. Wanneer die terapeut se monster haar bang maak, bid die terapeut en vra vir Jesus om haar bang weg te vat. A kan egter nog steeds nie haar monster identifiseer nie. Die gevolgtrekking word gemaak dat A se monster verskillende dinge is wat haar bang maak. Sy noem egter nie voorbeelde nie.

Later noem sy tog dat sy gisteraand weer bang was toe hulle in die motor gery het en hulle verdwaal het. Die terapeut vra A wat sy gedoen het toe sy bang was. Sy lag net skamerig. Die terapeut vra of sy dink dat dit kan werk om te bid as sy bang is. Sy stem in. Die terapeut vra toe of God altyd ons gebede beantwoord as ons iets vra. A sê nee, maar kan nie aan 'n voorbeeld dink toe God nie haar gebede beantwoord het nie.

Die terapeut benut weer eens selferkenning as 'n metode om A tot dieper bewustheid van haar gevoelens te bring, asook om inligting te verskaf wat vir A kan help met selfondersteuning. Die terapeut deel met A 'n voorbeeld uit haar lewe waar sy vir God kwaad was, omdat hy nie haar vriendin gesond gemaak het nie en sy doodgegaan het. Die terapeut het later vrede oor die dood van haar vriendin gekry toe sy besef het dat God 'n plan met alles het, selfs met slegte goed wat met ons gebeur. A luister aandagtig. Die terapeut vra A na haar ervaring met haar pa se dood en of sy gewonder het waarom God toegelaat het dat hy doodgaan? Sy kon nie 'n antwoord gee nie, maar het ingestem dat sy dink dat God ook 'n plan daarmee het.

Die terapeut en A praat oor die sekondêre verliese wat A ervaar na die afsterwe van haar pa. Die terapeut vra wat hulle kan doen om van die verliese wat met haar pa se dood gepaard gaan beter te maak. A antwoord dat haar ma hulle meer op uitstappies kan vat. Daar word aan uitstappies gedink wat nie baie geld kos nie, aangesien finansies 'n probleem is. A mis ook hulle groot huis met baie spasie, 'n mooi tuin en swembad. Haar ma is nog dieselfde, maar moet meer werk. Sy het egter nog tyd om



met haar te gesels. Haar ma huil nog baie oor haar pa wat dood is. Die terapeut vra A hoe sy daarvan hou dat haar ma haar troos. A antwoord dat haar ma haar 'n drukkie en soentjie gee en dan voel sy beter. Die terapeut neem kennis dat A vertroosting en liefde die beste ervaar deur fisieke aanraking. Dit strook ook met die feit dat sy dit mis dat haar pa haar nie meer kan vashou nie.

Die sessie word afgesluit met 'n speletjie met 'n lekker. Dis 'n harde lekker met sagte sjokolade in die middel. A moet teken hoe voel die lekker aan die buitekant en aan die binnekant. Die lekker is hard aan die buitekant, maar lekker sag aan die binnekant. Die vergelyking word deurgetrek na die lewe. Sommige dinge wat met ons gebeur is moeilik en sleg, maar ons kan weet dat God dit altyd vir ons goed sal laat uitwerk. A wil nog 'n speletjie speel waarna die sessie afgesluit word deur A wat 'n gesiggie in haar plakboek plak.

Die terapeut het hierdie sessie moeilik gevind, omdat A nie die monster kon eien nie. Die terapeut het egter ervaar dat A se emosie intens was, maar sy kon dit net nie verwoord nie. Die terapeut wou nie leidend wees nie, maar het gemeen dat dit 'n goeie geleentheid was waar sy haar ervaring van soortgelyke omstandighede kon deel. Vir volgende week beplan die terapeut om A te laat verf. Dit sal 'n oop projeksie wees waar A die geleentheid sal hê om aan enigiets wat op haar voorgrond is uitdrukking te gee.

### **3.3.8. Sessie 7**

A verf en geniet dit baie. Sy verf die grootste gedeelte van die sessie. Sy teken 'n huisie met 'n blom langs elke kant en 'n pot vol goud langs elke blom. In die lug is daar wolke wat besig is om oop te trek met 'n helder son wat na vore kom. Die huis staan leeg, want die mense het uitgetrek. Die huis is bietjie hartseer, maar daar sal weer mense in die huis kom bly. Die wolkies het klaar gereën en gaan nou op 'n ander plek reën. Die son is bly om uit te kom en te skyn. Die terapeut maak A bewus van al die veranderinge wat in haar prent na vore kom. Daar word oor die lekker en sleg van veranderinge gepraat. Die slotsom word bereik dat veranderinge nie altyd lekker is nie, maar later sien ons dat dit tog nie so sleg was nie en dat dit weer lekker kan wees. A

praat oor haar pa se dood en hoe sleg al die veranderinge vir haar was, maar nou begin dit al weer beter gaan. Die prent se naam is: "Die son sal weer skyn."

Die terapeut besef dat die projeksie 'n weergawe is van A se huidige ervaring. Sy begin vrede maak met die verlies van haar pa en die sekondêre verliese wat daarmee saamgaan. A het self na polariteite begin beweeg in die terapeutiese proses. Tydens die terugvoering aan A se ma vertel haar ma dat A die vorige week een middag vir die eerste keer in 'n lang tyd met haar kom deel het hoe sy na haar pa verlang en toe het sy lank op haar ma se skouer gehuil. Die terapeut en A se ma sien dit as 'n positiewe teken dat sy weer haar emosies teenoor haar ma blootgelê het. A is besig om haar kontakgrens met haar ma te vergroot.

### **3.3.9. Sessie 8**

Daar word met albasters gespeel. A wys die spesiale mense in haar lewe uit met spesifieke albasters. Sy kies haar ma, ouma, maatjie, Tanya (gesinsvriendin) en met moeite haar boetie. Sy sê dat sy baie mense het wat vir haar lief is, maar dit is die mense heel naaste aan haar. Sy noem nie haar pa nie. Sy vertel wat elke persoon spesiaal maak. A is vol selfvertroue en vrolik wanneer sy vertel van al die mense wat vir haar lief is en wat hulle vir haar spesiaal maak. Daar word van haar oupa gepraat wat in Nieu-Seeland woon en werk. Sy vertel dat sy hom weer volgende jaar sal sien wanneer hy terugkom Suid-Afrika toe. So sal sy ook haar maatjie wat nou in Australië bly, weer sien as sy kom kuier. Die gesprek draai na haar pa wat nie weer kan terugkom nie. A glo dat hy in die hemel is, maar weet dat hy nie weer kan terugkom na die aarde nie. Die terapeut benut die tegniek van storievertelling en vertel vir A die storie van die waterbesies en naaldekokers wat die oorgang na 'n ander lewe vanuit die natuur baie mooi illustreer (Stickney, 1997:2). A vind die storie baie mooi en dui aan dat sy die waarheid daaragter verstaan. Die sessie word afgesluit met A se plakboek.

Dit is skoolvakansie vir die volgende twee weke en die terapeut sal A eers daarna weer sien. Die terapeut is gereed om A voor te berei op terminasie, aangesien A toon dat sy groter belangstelling toon in die mense wat tans deel van haar lewe uitmaak. Dit dui ook daarop dat A nie aan die verlede waarvan haar pa deel is, bly vashou nie, maar

haar lewe in die hier-en-nou leef. Die terapeut reken dat al die belangrike emosies wat A ervaar, hanteer is en dat sy daarmee in kontak is.

Die terapeut beplan om in sessie 9 'n oop projeksie te doen om na die vakansie te bepaal hoe A daar uitsien en wat haar voorgrondbehoefte is. Die terapeut sal ook 'n gesprek met haar ma hê en hoor hoe dit by die huis gaan. Indien niks nuuts na vore kom nie, sal A voorberei word op terminering van terapie.

### **3.3.10. Sessie 9**

Na die skoolvakansie ontmoet die terapeut A vir terapie. A is in 'n vrolike gemoedstemming en gesels spontaan. Sy vra dat bordspeletjies gespeel word. Die terapeut stem daartoe in en benut die geleentheid vir spontane gesprek. A vertel dat hulle as gesin vir 'n naweek gaan kamp het en gesels verder oor 'n verskeidenheid van gebeure by die huis en by die skool. Sy verwys gedurende die sessie nie na haar pa nie.

Die sessie is benut as 'n oop projeksie waar A net spontaan kon gesels. Die terapeut het dit positief beleef in die sin dat A groot spontaneïteit toon om net haarself te wees en dat daar geen mate van terughoudendheid of hartseer te bespeur is soos aan die begin van die terapeutiese proses nie. Uit 'n gesprek met A se ma kom dit na vore dat A en haar ma weer 'n spontane en oop verhouding met mekaar ontwikkel het waar A met haar ma ervarings en emosies deel.

Vir die volgende sessie beplan die terapeut om 'n projeksie te doen. A sal daarop voorberei word dat terapie die daaropvolgende sessie getermineer sal word.

### **3.3.11. Sessie 10**

Die terapeut vra vir A om 'n prent te teken van dit wat haar die blyste maak, of om 'n prent te teken van iets wat sy die meeste van hou om te doen. Sy teken 'n prent van haar twee honde en vertel in fyn besonderhede hoe elkeen lyk. Sy gesels spontaan wat elkeen van haar honde oulik maak en hoe sy met hulle speel.

Die terapeut verduidelik aan A dat sy die volgende week vir die laaste keer vir terapie sal kom. Die terapeut deel met A dat sy dit geniet het dat A by haar kom speel het. Die terapeut benut die geleentheid om 'n samevatting te gee van dit wat in die terapeutiese proses gebeur het. Sy vra aan A wat vir haar die lekkerste van die terapie was. A sê dat sy baie van al die speletjies gehou het. Die terapeut deel met A dat sy in die loop van die terapie saam met A van belangrike dinge bewus geword het. Die terapeut vra of sy die tekening kan onthou wat sy in sessie 7 gemaak het van die son wat weer sal skyn. A bevestig dat sy dit onthou. Daar word oor die tekening gepraat en dat die boodskap wat daaruit na vore gekom het, aangedui het dat die lewe vol veranderinge is. Soms is dit in hartseerverandering, soos toe A se pa dood is, maar dat ons kan weet dat die hartseer ook weer sal verander en dit weer beter sal gaan. Daar word gepraat oor die mense in A se lewe, haar honde en ander aspekte wat haar lewe nou weer lekker maak.

Die terapeut ervaar dat A deur die hele proses van rou beweeg het tot by 'n punt waar sy weer in balans en gelukkig is, ten spyte van die hartseer met haar pa se dood.

### **3.3.12. Sessie 11**

Hierdie is 'n kort sessie waar die terapie afgesluit word. A kan enige speletjie kies wat sy graag wil speel. Sy kan haar plakboek huis toe neem. Die terapeut is tevrede dat A die dood van haar pa sinvol verwerk het en 'n oop verhouding met haar ma het om wel enige verdere ervarings of gevoelens te bespreek. Die terapeut het 'n goeie terugvoersessie met A se ma gehad waar sy vir haar riglyne gegee het oor hoe sy A verder kan ondersteun.

### **3.3.13. Evaluering van terapeutiese intervensie**

A toon in die meeste van haar projeksies bepaalde elemente van verandering wat plaasvind. Die verandering is oorwegend vanaf negatiewe emosies na meer positiewe ervarings. Dit is duidelik dat die verlies wat sy die afgelope jaar ervaar het, intens was. Sy is egter besig om weer positiewe ervarings te beleef. Die terapiessessies was dikwels vir A baie intens en emosioneel uitputtend. Die terapeut is van oortuiging dat dit 'n bewustheid geskep het en dat sy deur die pyn kon werk na die punt waar sy weer

bewus kon word van die positiewe aspekte in haar veranderde lewe. Sy is besig om weer haar ewilibrum te bereik.

Die terapeut het ervaar dat A 'n kinderlike geloof in God het. Sy glo onvoorwaardelik dat haar pa in die hemel by Jesus is en dat sy hom eendag weer gaan sien. Dit gee vir haar 'n lewende hoop om aan vas te hou. Die intense hartseer wat sy ervaar het, weerspieël die pyn van verlange en gemis na haar pa. Die sekondêre verliese het die verlies van haar pa verder beklemtoon.

Die terapeut het dikwels wanneer daar oor die geestelike aspekte gepraat is, by A onderliggende emosies waargeneem deurdat sy strak voor haar sou uitstaar, terwyl haar asemhaling verander. Tog het A by hierdie geleenthede nie verbaal uiting gegee aan die emosies wat sy ervaar het nie. Dit was by hierdie geleenthede dat die terapeut eksperimenteel gewerk het deur telkens selferkenning te benut om A tot dieper bewustheid aan te moedig. Die terapeut was egter sensitief om haar eie ervarings slegs as voorbeelde te deel en nie geloofswaarhede as introjekte af te dwing nie. A het nooit direkte vrae aangaande God se doel met haar pa se afsterwe aan die terapeut gevra nie. Sy het wel voorheen aan haar ma die vrae gestel. Die terapeut het partykeer ervaar dat A juis nie die vrae aan die terapeut wou vra nie, aangesien sy besef het dat sy geestelike verduidelikings oor waarom haar pa dood is, bloot net moes aanvaar. Dit kon die gevolg hê dat sy die geestelike interpretasie van haar pa se dood as introjekte ervaar het en nie noodwendig as haar eie geloofsoortuiging nie. Om hierdie rede was die terapeut versigtig om nie by A verdere introjekte te skep nie, maar slegs die terapeut se eie belewing te deel.

Die selferkenning het dit duidelik gemaak dat die terapeut self met die dood van 'n geliefde vrae gevra het. Die terapeut het daarmee ook aan die kind openbaar dat sy kwaad was vir God en sinvolle antwoorde op haar vrae gesoek het. A het slegs op 'n stil manier gesê dat sy ook soms so voel. Die terapeut ervaar tog na afloop van die laaste sessie dat A positief ingestel is teenoor die lewe en geen negatiewe emosies teenoor God kon verder waargeneem word nie. Dit kan daarop dui dat A die geestelike

beleving en antwoorde wat sy oor haar pa se dood gekry het as deel van haar proses geassimileer het.

Die terapeut is van mening dat A se rouproses vertraag is deurdat sy haar eie emosies by die huis probeer onderdruk het met die doel om nie verder vir haar ma hartseer te veroorsaak nie. Haar ma het weer begin om haar emosies in bedwang te bring en die kinders op uitstappies te neem. Dit was goed vir A se herstel.

### **3.4. GEVALLESTUDIE B**

#### **3.4.1. Agtergrond**

B is 'n agtjarige dogter wie se moeder drie jaar gelede oorlede is. Haar pa vervul die rol van 'n enkelouer. Die grootouers aan beide kante is by haar betrokke. B het nooit terapie of enige ander vorm van ondersteuning na haar ma se dood ontvang nie. Die skoolpersoneel is van mening dat B ondersteuning nodig het om deur die verlies van haar ma se dood te werk, aangesien sy emosioneel van onderwyseresse afhanklik raak.

#### **3.4.2. Sessie 1**

Die eerste sessie word daaraan gewy om 'n verhouding tussen B en die terapeut te bou. B is baie oop en ontvanklik vir terapie. Dit is duidelik dat dit vir haar heerlik is om alleen met die terapeut te wees en sy geniet die spel vir verhoudingsbou baie. Daarna teken B spontaan 'n prentjie onderwyl sy gesels en van haar lewe vertel. Die eerste inligting wat sy deel is dat sy nie 'n ma het nie, want haar ma is dood. Sy voeg egter by dat sy dalk 'n nuwe mamma gaan kry, want haar pa gaan dalk met sy vriendin trou. Sy vertel ook van die nuwe huis waarheen hulle onlangs verhuis het. Haar ouma aan haar ma se kant word dikwels in die loop van die gesprek genoem en die terapeut kan aflei dat die ouma 'n belangrik plek in B se lewe inneem. B maak 'n prent van 'n vuurpyl en die terapeut vra haar wie sy sou saamneem indien sy een persoon moes kies wat saam met haar in die ruimtevuurpyl kon reis. Sy kies sonder aarseling haar pa, want sy sê dat hy altyd sal weet om vir haar te sorg en wat hulle moet doen. Die sessie word afgesluit met B wat haar plakboek ontvang en 'n gesiggie daarin plak.

Die terapeut ervaar by B 'n groot behoefte aan aanvaarding en liefde. Daar word beplan om die volgende week sensories te werk, sowel as met die identifisering van emosies.

### **3.4.3. Sessie 2**

Tydens hierdie sessie word daar oor verskillende emosies gepraat, asook sensories gewerk deurdat B verskillende lekkertjies met toe oë moet ondersoek en vorm, reuk en smaak moet beskryf. Sy geniet dit baie. Die emosies wat na vore kom, is gelukkig en hartseer. B sê dat sy 'n gelukkige prentjie wil teken. Sy teken 'n huis met 'n boom langsaan. Dit is hulle nuwe huis en dit maak haar bly. Die terapeut vra waar sy haarself sal teken indien sy in die prentjie was. Sy teken haarself eenkant in 'n klein tentjie. Sy sê aanvanklik dat dit vir haar lekker is in die tentjie. Dit reën terwyl sy alleen daar sit. Die terapeut vra of daar iets in die gelukkige prentjie is wat nie gelukkig is nie. B antwoord dat sy hartseer voel, omdat sy alleen in die tentjie sit. Sy vertel weer van haar ma wat dood is en die gebeure rondom haar dood. Die terapeut vra B om die emosies te noem wat sy ervaar het toe haar ma dood is. Sy noem hartseer. B dui aan dat sy nou ook hartseer voel oor haar ma wat dood is. Sy vertel dat sy nooit bang is nie, maar dat haar sussie haar in die nag wakker huil wanneer sy bang is.

Die terapeut ervaar dat B graag 'n gelukkige prentjie wil voorhou en daardeur die hartseer probeer ignoreer. Die terapeut ervaar ook dat daar bepaalde onvoltooidhede in B se lewe teenwoordig is. Die kontakgrens wat B openbaar kom aanvanklik voor asof B die terapeut naby haar toelaat, maar die terapeut ervaar tog dat B ontwykend is wanneer die terapeut dieper rondom emosies begin werk. In die literatuurhoofstuk van hierdie studie (2.4.3) is daarop gewys dat wanneer die self van 'n kind nie duidelik gedefinieer is nie, die kontak wat die kind maak ook swak is.

B se aandag word maklik afgelei en dan wil sy eers 'n ander speletjie speel. Die terapeut moet die grense duidelik vaslê om die terapeutiese proses voort te sit sonder om B se spontaneïteit te ontmoedig en nog steeds in voeling met haar behoeftes te bly. Die terapeut beplan om tydens die volgende sessie die roosboomtegniek met B te doen.

#### **3.4.4. Sessie 3**

B kies om tydens hierdie sessie eerder met die pophuis te speel. Sy speel met die verskillende poppe in die pophuis. Haar pa en sy vriendin vorm saam met haar en haar sussie die gesin. Almal is baie gelukkig. Die terapeut vra of almal altyd gelukkig is. B antwoord dat sy soms bang is. Sy vertel van 'n storie wat sy op televisie by haar ouma gekyk het, wat haar in die nag baie bang maak. Daar word gepraat oor hoe sy voel as sy bang is en wat sy daaraan kan doen. B sê dat sy bid wanneer sy bang is. Sy vertel hoe die aaklige tonele wat sy op televisie gesien het, in die nag in haar drome na haar toe terugkom. Die terapeut vra of sy saam met haar kan bid teen die drome wat haar bang maak. B stem in en daar word kortliks saamgebied dat B nie meer in die nag slegte drome sal hê nie. Die terapeut wys B daarop dat sy haarself moet beskerm deur nie programme te kyk wat haar bang maak of ongemaklik laat voel nie.

Deur saam met B te bid het die terapeut eksperimenteel gewerk om aan B gebed te demonstreer sodat sy deur die voorbeeld kan leer dat sy in Christus outoriteit kan neem oor slegte drome. Die saambid is egter in samevloeiing met B se proses deurdat sy uit haar eie aangedui het dat sy kan bid wanneer sy bang is.

Daar word beplan om tydens die volgende sessie vir B 'n kunsaktiwiteit te laat doen, aangesien sy aandui dat sy baie daarvan sal hou.

#### **3.4.5. Sessie 4**

B vra om 'n spel vingerbord te speel, waarna sy 'n prent maak met stempels, blinkers en gekleurde prente. Die tema wat in die prent uitstaan, is liefde. Sy maak 'n voorstelling van haar oorlede ma, asook van haar nuwe ma, soos wat sy nou na haar pa se vriendin verwys. B dui aan dat sy die meeste na haar oorlede ma se liefde verlang. Sy bly egter nie lank by die onderwerp nie voordat sy opgewonde sê dat sy so bly is dat sy nou 'n nuwe mamma het. Dit is weer 'n duidelike verbreking van die kontakgrens wat dui op 'n mate van weerstand van B om werklik haar emosies rondom haar oorlede ma te hanteer. Die terapeut is bewus daarvan dat dit reeds drie jaar is sedert B se ma dood is en dat B sedert haar ma se dood nooit direk gekonfronteer is om oor hierdie emosies te



praat nie. Daar sou redeneer kon word dat die emosies nie op B se voorgrond is nie, maar tog is dit B wat telkens na die emosies verwys.

Die terapeut is van oortuiging dat B smag na die liefde van 'n ma en dat haar pa se vriendin vir haar die geleentheid bied om weer 'n ma se liefde te ervaar. Sy gryp hierdie geleentheid vir liefde aan. B se nuwe ma is op haar voorgrond. Daar word beplan om volgende week die roosboomtegniek te doen om ondersoek in te stel na B se ervaring van liefde en sekuriteit.

### **3.4.6. Sessie 5**

B kom die sessie opgewonde binne en vertel dat haar pa en sy vriendin verloof geraak het. Sy sê dat die verloofde nou vir ewig by hulle gaan bly en dat sy nou regtig 'n mamma het. Die terapeut vra B hoe lank vir ewig is. Sy antwoord tot sy doodgaan. Die terapeut vra B om 'n prentjie van 'n roosboom te maak. B maak die roosboom. Daar is baie hartjies rondom die roosboom. Die roosboom se wortels is diep in die grond. Die reën laat die roosboom groei. Die son skyn nou. Die duiwel wil die roosboom seermaak, want die duiwel hou nie van God nie en daarom hou die duiwel ook nie van die roosboom wat God se skepping is nie. Die terapeut vra B wie die roosboom in die regte lewe is. B sê dit is haar ma. God beskerm haar ma met sy liefde. Haar ma beskerm haar ook met haar liefde. Die terapeut vra hoe haar ma haar beskerm as haar ma in die hemel is. Sy antwoord, deur haar liefde, en haar nuwe mamma beskerm haar ook. Sy sê dat God haar mamma in die hemel "gekort" het, daarom het sy doodgegaan. Haar mamma help vir God.

Die terapeut vra vir B wie haar hier op aarde help as haar ma in die hemel is. Sy sê dat God haar help en ook haar pa. Sy noem dan spontaan haar ouma, haar nuwe mamma, haar familie en vriende. Daar is baie mense wat haar help. Die slotsom word gemaak dat al is dit baie hartseer dat haar mamma nie meer hier op aarde is om haar te help nie, God haar help deur baie ander mense wat vir haar lief is en vir haar sorg.

Dit is vir die terapeut opvallend dat B nie meer 'n intense hartseer het oor haar ma se afsterwe nie, maar die hunkering na haar ma bly teenwoordig. B projekteer haar

oorlede ma se eienskappe op haar nuwe ma deurdat sy eers sê dat haar ma haar beskerm en dit dan verander na haar nuwe ma wat haar beskerm. Die terapeut vermoed dat B 'n fantasie vir haarself geskep het waar haar ma wel as 'n beskermende persoon vanuit die hemel op haar neerkyk. Ten spyte van B se opgewondenheid oor haar nuwe ma, keer sy die gesprek telkens terug na haar oorlede ma. Dit is asof sy nodig het om van haar ma te praat. God is vir B 'n werklikheid. Hy is teenwoordig in alles wat sy sê. Dit sou interessant wees om te kon vasstel of B se verwysing na God antwoorde is wat vir haar gegee is en sy dit net nasê en of dit werklik haar oortuiging is. Die terapeut vermoed dat daar introjekte moontlik by B teenwoordig is.

### **3.4.7. Sessie 6**

B bou 'n huisie met spaghetti en malvalekkers. Sy sukkel om die huisie aanmekaar te kry. Later laat sy die huisie plat lê. Die terapeut vra B wat sy uit die bou van hierdie huisie kon leer. Die terapeut moet haar deur verskeie vrae begelei om tot die besef te kom dat sommige dinge in die lewe vir ons moeilik is. Dikwels moet 'n mens planne maak om dinge beter te laat werk. Soms is dit nie soos ons dit graag sou wou gehad het nie, maar tog kan ons leer uit die dinge wat vir ons moeilik is. Hierna maak B 'n voorstelling van die spesiale mense in haar lewe. Sy kies haar ouma as haar gunsteling persoon en tweede is haar pa se verloofde. Sy sê dat sy niks van haar pa hou nie, want hy raas net met haar. Sy hou ook nie van haar sussie nie, want haar sussie pla haar. Ons praat oor die dinge wat haar pa en sussie doen wat haar ongelukkig maak en kyk na alternatiewe. B beskou haar pa se verloofde as die persoon wat haar troos wanneer sy hartseer is as haar pa met haar geraas het.

Die terapeut vind B se woede teenoor haar pa interessant, aangesien sy voorheen net in positiewe terme na haar pa verwys het. Die terapeut is bewus daarvan dat B sensitief is vir hoe sy hanteer word en dat hierdie uitlatings teen haar pa die gevolg kan wees van 'n onlangse negatiewe insident.

Die skoolvakansie het aangebreek en die terapeut sal B weer na die vakansie sien. Net voor die vakansie het B se onderwyseres laat weet dat B hartseer was omdat haar pa en sy verloofde 'n rusie gehad het. B was onder die indruk dat haar pa en sy verloofde

se verhouding verbreek is. Die onderwyseres vertel dat B die hele dag lank behoorlik getreur het soos wanneer iemand dood is. Die terapeut beplan om tydens die volgende sessie die situasie met 'n oop projeksie te ondersoek.

Die terapeut het 'n gesprek met B se pa gehad. Hy het te kenne gegee dat hy ferm dog liefdevol is met B. Sy is egter baie emosioneel en sal maklik begin huil wanneer hy vir haar nee sou sê as sy iets wil hê. Die terapeut het hom aangemoedig om konsekwent op te tree ten spyte van B se reaksie, maar dat hy ook haar sensitiewe geaardheid in ag moet neem deur altyd liefde en aanvaarding te kommunikeer. Die terapeut deel met B se pa dat B sy verloofde volkome as haar nuwe ma aanvaar en dat die verloofde B se behoefte aan moederliefde ondervang.

#### **3.4.8. Sessie 7**

Na die vakansie is B by twee geleenthede weens siekte nie vir terapie beskikbaar nie. B is egter opgewonde om die terapeut weer te sien na sy vir ongeveer 'n maand nie vir terapie kon kom nie. Daar word 'n kort bordspel gespeel, waarna die terapeut vir B vra om 'n onvoltooide storie te voltooi deur 'n prent te teken van hoe sy dink die storie behoort te eindig. Die storie wat die terapeut vertel is 'n illustrasie van wat B as die lekkerste dag in haar lewe sal beskou. Die terapeut stel die vyf verskillende moontlikhede voor soos die liefdestaal van 'n kind in hoofstuk 4 (4.2.2) beskryf word. B teken geskenke en gee te kenne dat dit haar die gelukkigste maak as haar pa vir haar geskenke gee. Sy voeg ook by dat dit vir haar lekker is as mense vir haar mooi dinge sê.

Daar word gepraat oor die positiewe ervaring wat B beleef as sy geskenke ontvang of as iemand vir haar mooi woorde sê. Die terapeut vra B hoe dit vir haar voel as haar pa vir haar sussie 'n geskenk gee en nie vir haar nie. Sy antwoord dat sy huil, omdat sy dan voel dat haar pa nie vir haar lief is as hy nie ook vir haar 'n geskenk gee nie. Die terapeut neem die geleentheid waar om vir B deur dialoog tot die punt te bring waar sy kan beseft dat daar tye is wanneer sy nie 'n geskenk kan kry nie, soos wanneer haar sussie verjaar, en dat dit dan nie beteken dat haar pa nie vir haar lief is nie. Dieselfde geld vir die situasie in die klas. B gee te kenne dat sy ongelukkig is wanneer die

onderwyseres 'n klasmaat prys oor goeie werk en nie vir haar nie. Die terapeut vra aan B of daar geleentheid is waar die onderwyseres haar prys vir goeie werk en nie vir die ander kinders in die klas prys nie. B beaam dat dit wel gebeur. Die terapeut vra vir B of dit dan beteken dat die onderwyseres nie van die ander kinders hou nie of dink dat hulle nie goed werk nie. Sy antwoord dat die onderwyseres wel van die ander kinders hou. Die terapeut vra aan B of sy dink dat haar onderwyseres wel van haar hou, al prys sy haar nie noodwendig elke keer nie. B stem saam.

Die sessie word afgesluit met B wat 'n prentjie in haar plakboek plak. Die terapeut berei B daarop voor dat die volgende sessie die laaste sal wees. B kies 'n bordspel wat sy graag by die geleentheid sal wil speel.

Dit is vir die terapeut duidelik dat B 'n konstante behoefte aan liefde en aanvaarding het. B gee te kenne dat sy die terapeut ervaar as 'n persoon wat haar liefde gee en dui in haar gesprekke aan dat die terapeut een van die persone in haar lewe is wat vir haar spesiaal is. Dit beklemtoon vir die terapeut B se behoefte aan persone wat liefde en aanvaarding kan gee.

Daar word aan die onderwyseres terugvoering gegee oor B se ervaring van liefde deur geskenke en mooi woorde. Die terapeut maak aan die onderwyseres die voorstel om per geleentheid 'n klein kaartjie met bemoedigende woorde vir B te gee as 'n geskenk en om op 'n gereelde grondslag aan B positiewe terugvoering te gee. Die onderwyseres ervaar die voorstelle positief.

B het tydens die sessie verskeie kere negatiewe opmerkings oor haar sussie gemaak. Die terapeut sal die verhouding graag wil waarneem om vas te stel hoe die verhouding tussen die susters is. Aangesien B se sussie ook vir terapie na die terapeut kom, gaan die terapeut die twee susters die laaste sessie saam laat speel om hulle interaksie waar te neem. Die terapeut het verder opgelet dat B glad nie meer na haar oorlede ma verwys nie.

### **3.4.9. Sessie 8**

Tydens hierdie laaste sessie speel die twee sussies saam *Monopoly*. Die terapeut neem die geleentheid waar om die twee susters se interaksies waar te neem. Albei is baie opgewonde toe hulle verneem dat hulle saam na die terapeut kan kom. Hulle is albei gemoedelik met mekaar en gee mekaar spontaan geleenthede en bemoedig mekaar tydens die spel. Daar is geleenthede waar die een aan die ander die voordeel van die spel gee en andersom. Die terapeut is beïndruk met die mooi wyse waarop die twee susters saam speel. Die terapeut kom ook onder die indruk dat hulle in hulle spel gereeld verwys na 'n ander spel wat hulle saam met ouma of pappa gespeel het. Dit toon aan die terapeut dat hulle ouma en pa tyd neem om met hulle te speel.

B gee te kenne dat sy hartseer is dat die terapie getermineer word. Die terapeut nooi vir B om vir haar te kom groet en te vertel hoe dit gaan wanneer sy haar in die toekoms by die skool sien.

### **3.4.10. Evaluering van terapeutiese intervensie**

Die terapeut is van mening dat B se grootste behoefte met die afsterwe van haar ma die gemis van haar ma se liefde is. B se behoefte aan 'n ma se liefde het in vervulling gekom deur haar pa se verloofde. Die verloofde doen werklik moeite om 'n goeie verhouding met B te ontwikkel en te handhaaf. Dit is egter van belang dat B se pa se verhouding met die verloofde wel standvastig sal wees om aan B die sekuriteit van 'n ma se liefde te gee.

B aanvaar haar ma se dood op die geestelike vlak soos 'n kind. Sy lyk tevrede met geykte verduidelikings soos dat God haar ma in die hemel nodig gehad het. Die moontlike teenvraag dat sy ook haar ma nodig het, maar sonder haar moet grootword, word nie verwoord nie. Sonder om dit te sê, aanvaar sy God se soewereiniteit.

Die terapeut het tydens hierdie sessie bewus geword van 'n opstandigheid in haar eie gemoed oor die antwoord wat B gegee het dat God haar ma in die hemel nodig gehad het. Dit is 'n antwoord wat aan B gegee is deur mense wat goed bedoel het en haar

wou vertrous. B aanvaar dit en kom amper trots daarop voor dat God háár ma in die hemel wil gebruik. Die terapeut is egter van mening dat so 'n antwoord op die langtermyn by die kind 'n persepsie kan skep van God as 'n selfsugtige God wat 'n klein dogtertjie se ma wegvat net omdat Hy so gevoel het en sy daarom moes grootword met 'n tot nou toe onvervulde smagting na 'n ma se liefde. Die terapeut vind dit goed dat B in staat is om die polariteit raak te sien dat sy nie 'n ma het nie, maar dat God vir haar ander mense gegee het wat haar kan versorg.

Die terapeut is deur B diep onder die indruk gebring van hoe konkreet 'n kind van agt jaar oud geloofswaarhede aanvaar. B aanvaar onvoorwaardelik wat vir haar geleer word oor God, asook antwoorde oor die rede waarom haar ma moes sterf. Dit laat die terapeut dink aan die spreekwoord: "Om te glo soos 'n kind". In hierdie geval is dit vir B 'n groot deel van haar aanvaarding van haar ma se dood. B het egter 'n konkrete behoefte na 'n ma se liefde en aanraking in haar lewe.

### **3.5. GEVALLESTUDIE C**

#### **3.5.1. Agtergrond**

C is 'n sesjarige dogter wie se ma drie jaar gelede oorlede is. C word sedertdien deur haar pa grootgemaak. Die grootouers bied baie ondersteuning. C het nog nie voorheen terapie of enige ander vorm van ondersteuning gehad om haar ma se dood te verwerk nie.

#### **3.5.2. Sessie 1**

Vir die eerste sessie speel C en die terapeut speletjies wat op verhoudingsbou gemik is. C kom effens skaam voor, maar geniet duidelik die aandag van die terapeut. Sy kom jonger voor as haar ses jaar en praat partykeer op die manier van 'n veel jonger kind. C floreer onder positiewe aanmoediging en is baie in haar skik met haarself wanneer sy die speletjie wen. Die terapeut verduidelik vir C die vertroulikheidsaspek en C ontvang haar plakboek net voor die sessie afgesluit word.

Die terapeut beplan om volgende week sensories te werk en emosies te identifiseer.

### **3.5.3. Sessie 2**

Tydens hierdie sessie speel die terapeut met C die sensoriese speletjie met lekkers om te bepaal of C sensories in takt is. Daarna word daar oor emosies gepraat. C kies om 'n prent met klei te maak. Sy kies om 'n prent te maak wat geluk uitbeeld. Die prent is van 'n plaas, omdat sy baie daarvan hou om op 'n plaas te bly. Sy sê dat sy baie van diere hou. Hulle bly egter nie nou meer op die plaas nie, maar het na 'n nuwe huis getrek. Sy is bly, omdat sy 'n nuwe ma gaan kry. Sy vertel die terapeut dat haar ma dood is. Sy vertel die gebeure rondom haar ma se dood in besonderhede. Sy sê dat sy haar ma baie mis en na haar verlang. Dit is iets wat haar hartseer maak. C se verlange na haar ma kom duidelik as 'n onvoltooidheid in haar lewe na vore.

Dit is vir die terapeut interessant dat C se verlies van haar ma so sterk op haar voorgrond is in ag genome dat sy nog so jonk is en reeds drie jaar tevore haar ma verloor het. Die terapeut sal dit interessant vind om te weet of C spesifiek die persoon van haar ma mis en of dit die moederfiguur is wat sy mis. Sy kan redelik in detail vertel van haar oorlede ma. Sy is egter baie opgewonde oor haar nuwe mamma wat haar pa se vriendin is. Daar word beplan om tydens die volgende sessie met die pophuis te speel.

### **3.5.4. Sessie 3**

C speel met die pophuis. Sy is baie opgewonde omdat haar pa se vriendin by hulle ingetrek het. Sy speel gesinstonele uit met die poppe in die pophuis. Almal hou van mekaar in die huis. Veral haar pa en sy vriendin hou baie van mekaar. Hulle "vry" baie. Daar is seunsmatjies wat by hulle kuier en die seuntjies en dogtertjies "vry" ook met mekaar. Die terapeut vra uit na die vryery. C lag skaam en sê dat hulle mekaar soen en druk, omdat hulle baie van mekaar hou. Die benutting van die pophuis het goed daarin geslaag om C te help om 'n relevante projeksie van hulle gesin voor te stel.

Die terapeut sal graag die omvang van die "vryery" wil vasstel om te bepaal in hoe 'n mate C aan openlike liefkosings blootgestel is, sodat die moontlike invloed wat dit op

haar kan hê in ag geneem kan word. Op hierdie stadium blyk dit dat C gelukkig is omdat sy weer 'n mafiguur in die huis het. Daar word beplan om met die volgende sessie 'n oop projeksie te doen.

#### **3.5.5. Sessie 4**

C maak 'n prent met blinkertjies, stempels en ander kunsmediums. Sy sê dat haar prent "Water World" is. Twee figure in 'n blokkie is haar pa en sy vriendin. Hulle "vry". Sy is die apie. Die apie is ongelukkig, want die twee wat vry gee nie aandag aan haar nie. Verder in die prent praat sy van haar ma wat in die hemel is. Die terapeut vra waar die hemel is. Sy antwoord dat jy hemel toe gaan as jy dood is en dit is waar Jesus is. Haar ma is nou daar. C verander aan haar prent en sê dat haar pa en sy vriendin ook nou in die hemel is. Hulle is ook nou dood. C kan egter nie 'n verduideliking daarvoor gee nie. Sy speel sommer dat dit so is. C toon tydens haar projeksie in 'n groot mate aspekte van fantasie deurdat sy karakters en situasies maklik kan verander soos dit haar pas. Aangesien C nie daarvoor wil praat dat sy haar pa en sy verloofde ook as dood sien nie, kan die terapeut maar net die aanname maak dat dit vir haar reg voel dat haar pa-hulle ook in die hemel is en nie net haar ma nie. Hierdie aanname kan later getoets word indien die situasie sou opduik.

Die terapeut kry nie duidelikheid oor die sterk vrymotief wat telkens na vore kom nie. Sy vermoed dat C haar pa en sy vriendin in liefdevolle omhelsings sien en dit die rede is dat sy daarvoor praat. Dit mag wees dat haar pa en sy verloofde se openlike liefdesbetuigings vir haar 'n nuwe ervaring is en dat dit die rede is waarom die "vryery" so sterk op haar voorgrond is. C kommunikeer duidelik in die projeksie dat sy uitgesluit voel wanneer haar pa en sy verloofde tyd met mekaar spandeer.

#### **3.5.6. Sessie 5**

C begin die sessie effens ongelukkig omdat sy nie vroeër na die terapeut kon kom nie. Daar word oor haar ongelukkige gevoelens gepraat. C maak 'n prentjie wat al haar geliefdes voorstel. Haar regte mamma wat dood is, is ook in die prentjie. Sy teken haarself en haar sussie saam met haar nuwe mamma in 'n fotoraam. Sy vertel dat haar nuwe mamma baie mooi vir haar sorg. Daar word oor al die goeie dinge wat haar nuwe



mamma vir haar doen, gepraat. Hierdeur het die terapeut polariteite benut om C tot bewustheid te bring van die positiewe aspekte in haar lewe ten spyte daarvan dat haar ma dood is. Die sessie word afgesluit met 'n lekker speletjie wat dien as selfvertroeteling vir C.

Alhoewel C haar oorlede ma meestal as deel van haar prentjie teken, wil sy nie noodwendig altyd van haar oorlede ma praat nie. C toon dat haar kontakgrens met die terapeut beperk word deurdat sy weerstand openbaar om emosies of opmerkings oor haar ma verder te ontgin. Dis asof haar ma in haar hart en gedagtes nog altyd deel is van wat sy doen. Die terapeut probeer C bewus maak van haar ma wat sterk op haar voorgrond is. Die terapeut besef ook dat C nie gewoon is om oor haar gevoelens oor haar ma te praat nie, aangesien dit die eerste keer is na haar ma drie jaar gelede oorlede is dat sy enige vorm van terapie of berading ontvang. C is egter gelukkig met haar nuwe mamma en dit begin haar voorgrond oorheers.

### **3.5.7. Sessie 6**

C maak 'n televisiestel met stokkies. Sy maak met stempels persone op die papier. Almal op die prent is baie gelukkig. Sy sê dat die prent 'n voorstelling van die skool is. Die hartjie in die middel is haar juffrou. Die juffrou sê wat almal moet doen. Die terapeut vra vir C om 'n voorstelling van al die spesiale mense in haar lewe te maak. Sy maak haarself, haar sussie, haar pa se verloofde en haar nuwe boetie. Die terapeut vra na haar pa. Sy sê dat hy by die werk is. Haar gunsteling persoon is haar pa se verloofde. Haar pa en haar sussie hou nie van mekaar nie. Haar pa baklei met haar sussie as haar sussie huil.

Die terapeut vind dat C gelukkig voorkom in haar situasie omdat sy 'n nuwe mamma het. C maak nie haar oorlede ma deel van die prentjie nie. Die terapeut het 'n gesprek met C se pa gehad om vas te stel of hy enige spanning met die sussie ervaar. Die pa het gesê dat hy ferm met die sussie moet wees en dan huil sy daarvoor. Hy dink nie dat hy onredelik met haar is nie.

Die skoolvakansie het aangebreek en die terapeut sal na die vakansie 'n oop projeksie doen om te sien wat op C se voorgrond is. Die terapeut sal direktnief praat oor grense wat C se liggaam betref om net klarigheid daaroor te verkry dat C nie op een of ander wyse seksueel blootgestel is nie.

### **3.5.8. Sessie 7**

C is opgewonde om na die lang onderbreking weer vir terapie te kom. Sy vra of daar 'n bordspel gespeel kan word. Die terapeut stem in en benut die geleentheid om deur middel van gesprek waar te neem wat op C se voorgrond is. C praat gemaklik oor verskeie gebeure by die huis en by die skool.

Die terapeut vra vir C om 'n tekening van haarself te maak. Sy teken 'n glimlaggende self. Die terapeut gesels met C oor haarself. Sy benadruk dat sy spesiaal is en dat ook haar liggaam spesiaal is. Daar word oor liggaamsgrense gepraat en dat ander mense nie aan ons liggame mag vat of daarna kyk op 'n wyse waarvan ons nie hou nie. C het duidelik te kenne gegee dat sy sommer vir ander mense wat dit wil doen, sal sê dat hulle haar moet uitlos. Die terapeut het dit beaam en haar hardop laat sê: "Nee, los my uit!"

Die terapeut is tevrede dat C nie oorbewus is van haar liggaam of op enige wyse ongemaklik voel om oor haar liggaam te praat nie. Tydens die volgende sessie wil die terapeut C se liefdestaal bepaal.

### **3.5.9. Sessie 8**

Die terapeut skep 'n storie wat oor C gaan. C moet die storie voltooi deur 'n prent te teken van wat sy graag sal wil hê as iemand haar gelukkig wil maak. C kies dat haar pa tyd met haar spandeer. Dit dui aan dat C waarde heg aan gehaltetyd wat haar pa en ander persone met haar spandeer. Sy ervaar liefde wanneer mense tyd maak om by haar te wees.

Die sessie is afgesluit met 'n speletjie van C se keuse en die terapeut het C daarop voorberei dat die volgende sessie die laaste sal wees.

### **3.5.10. Sessie 9**

Tydens hierdie laaste sessie met C speel sy saam met haar suster 'n bordspel. Die terapeut benut die geleentheid om die twee susters se verhouding waar te neem. Die terapeut is tevrede dat die twee susters 'n gesonde susterverhouding openbaar.

### **3.5.11. Evaluering van terapeutiese intervensie**

Die terapeut het met C gevind dat sy 'n gemis aan 'n ma het. Sy het aanvanklik na haar regte ma verwys, maar het later na haar pa se verloofde as haar ma verwys. Die terapeut moes telkens vra na watter ma sy verwys om seker te maak van wie sy praat. Sy het die verloofde volkome as haar ma aanvaar. Die verloofde doen ook baie moeite om aan C liefde en belangstelling te toon. Tog voel C aan die ander kant dat sy partykeer 'n bietjie uitgesluit is wanneer haar pa en sy verloofde alleen tyd saam wil spandeer. Dit maak haar ongelukkig. Sy kon egter maklik by haalbare alternatiewe uitkomstoe die terapeut haar daarna gevra het.

C het geen krisis rondom die geestelike aspek van haar ma se dood nie. Sy aanvaar eenvoudig dat haar ma by Jesus in die hemel is. Die hemel is die algemene plek waar almal gaan wat dood is. Dit is vir die terapeut duidelik dat C se aanvaarding van die dood op ses jaar nog baie konkreet is. Sy aanvaar wat volwassenes vir haar as antwoorde gee rondom haar ma se dood. Die terapeut het deur verskillende tegnieke C se belewing van haar ma se dood waargeneem en tot bogenoemde gevolgtrekking gekom.

Om hierdie rede het die terapeut nie verder C se geestelike belewing van haar ma se dood ondersoek nie. Haar kinderlike aanvaarding is op hierdie stadium van haar ontwikkelingsfase vir haar voldoende vir die verwerking en aanvaarding van haar ma se dood. Die feit dat haar ma reeds drie jaar gelede dood is toe sy net drie jaar oud was, kan 'n invloed hê op haar belewing deurdat sy net leer aanvaar het dat haar ma dood is. Drie jaar is 'n lang tyd vir 'n sesjarige kind. Ten spyte daarvan praat sy graag van haar ma. Daarom ervaar die terapeut dat C se behoefte aan 'n ma in die hier-en-nou sterk is.

### **3.6. OPSOMMING VAN ONGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE MET KINDERS EN OUERS VAN KINDERS WAT VERLIES ERVAAR**

Die navorser het met verskeie kinders en ouers van kinders wat geliefdes aan die dood afgestaan het gesprekke gevoer om tot groter insig te kom aangaande die verlieservaring van die kind na die afsterwe van 'n geliefde. Die besonderhede van al die kinders en hulle ouers met wie die navorser op dié wyse in kontak was, word in tabelvorm aangedui. 'n Opsomming van die onderhoude met kundiges word ook gegee (3.6.4).

#### **3.6.1. Tabel van ongestruktureerde onderhoude met kinders en ouers van kinders wat verlies ervaar**

Besonderhede van gesprekke gevoer met kinders jonger en kinders ouer as die laerskoolkind word in die tabel vermeld. Die navorser sluit die hoofaspekte van hierdie kinders se ervaring by die tabel in, aangesien daar in die literatuur deur Grollman (in Doka, 1995:19) daarop gewys word dat kinders se persepsie en beleving van die dood nie binne 'n vaste ouderdomskategorie ingepas kan word nie. Die navorser huldig die standpunt dat daar kennis geneem moet word van wat die voorskoolse kind en wat die adolessent se ervaring van die dood is, sodat die laerskoolkind se ervaring van die dood in die konteks van die ontwikkelingsvlakke beter verstaan kan word. Die navorser het spesifiek ook met kinders gesprekke gevoer wat 'n geliefde 'n paar jaar gelede aan die dood afgestaan het, met die doel om die invloed van die kind se ervaring van verlies waar te neem in die oorgang na die daaropvolgende ontwikkelingsstadia.

Die gesprekke wat die navorser gevoer het, kon in drie dele verdeel word. In die tabel word daar ook aangedui watter aard die navorser se kontak met die kind behels het. In sommige gevalle was die kontak in die vorm van 'n ongestruktureerde onderhoud soos hieronder aangedui. In ander gevalle was die kind by die navorser vir terapie, maar is die spesifieke kind nie as gevallestudie benut nie. Daar is ook verwysings na eenmalige gesprekke met die ouer of grootouers van die kind wat verlies ervaar het. Die navorser verwys ook na groepwerk wat met kinders gedoen is wat die verlies ervaar van 'n sib wat gesterf het.

**Table 3.1 Tabel van ongestructureerde onderhoude met kinders en ouers van kinders wat verlies ervaar**

| <b>Kind</b> | <b>Ouderdom</b> | <b>Geslag</b> | <b>Aard van kontak</b> | <b>Geliefde wat gesterf het</b> | <b>Tydsverloop sedert afsterwe</b> |
|-------------|-----------------|---------------|------------------------|---------------------------------|------------------------------------|
| 1           | 13 jaar         | Seun          | Onderhoud              | Moeder                          | 4 jaar                             |
| 2           | 8-14 jaar       | Beide         | Groepwerk oor verlies  | Sibbe                           | 1-3 jaar                           |
| 3           | 13 jaar         | Dogter        | Gesprek met ma         | Vader                           | 4 jaar                             |
| 4           | 16 jaar         | Dogter        | Onderhoud              | Vader                           | 8 jaar                             |
| 5           | 15 jaar         | Dogter        | Terapie                | Vriend en oom                   | 1 jaar                             |
| 6           | 11 jaar         | Dogter        | Onderhoud              | Moeder                          | 4 jaar                             |
| 7           | 12 jaar         | Seun          | Terapie                | Vader                           | 11 jaar                            |
| 8           | 11 jaar         | Seun          | Gesprek met grootouers | Moeder                          | 6 maande                           |
| 9           | 12 jaar         | Seun          | Gesprek met ma         | Vader                           | 6 jaar                             |
| 10          | 11 jaar         | Dogter        | Gesprek met ma         | Vader                           | 6 jaar                             |

| Kind | Ouderdom | Geslag | Aard van kontak  | Geliefde wat gesterf het | Tydsverloop sedert afsterwe |
|------|----------|--------|------------------|--------------------------|-----------------------------|
| 11   | 10 jaar  | Seun   | Onderhoud met ma | Oupa                     | 1 jaar                      |
| 12   | 5 jaar   | Seun   | Terapie          | Vader                    | 1 jaar                      |
| 13   | 5 jaar   | Dogter | Terapie          | Broer                    | 6 maande                    |
| 14   | 5 jaar   | Seun   | Terapie          | Oom en beste maatjie     | Vorige jaar                 |
| 15   | 5 jaar   | Seun   | Terapie          | Broer                    | 3 maande                    |
| 16   | 12 jaar  | Seun   | Gesprek met seun | Vader                    | 3 maande                    |
| 17   | 10 jaar  | Seun   | Onderhoud met pa | Oom                      | 1 maand                     |

Opsomming van kinders se ervaring van verlies soos in die ongestruktureerde onderhoude waargeneem:

Kind 1: Hierdie seun gee te kenne dat hy nog dikwels vra waarom sy ma moes sterf. Hy is egter nie meer hartseer daarvoor nie en het 'n goeie verhouding met sy pa met wie hy verskeie belangstellings deel. Hy vind dit gemaklik om in 'n enkelouergesin groot te word, aangesien enkelouergesinne as gevolg van die hoë voorkoms van egskedings algemeen is.

Kind 2: Tydens hierdie groep wat vir kinders aangebied is wat verlies ervaar het weens die dood van 'n broer of suster, het die navorser waargeneem dat die kinders daarby baat gevind het om mekaar te vertrou en te

ondersteun. Skuldgevoelens teenoor die broer of suster wat gesterf het, is ook waargeneem.

Kind 3: Die ma van 'n dertienjarige dogter wie se pa oorlede is, kon nie aan die navorser sê wat die kind ervaar het met die verlies van haar pa nie, aangesien die dogter met 'n berader daaroor gepraat het en nie met haar nie.

Kind 4: Hierdie dogter het 'n goeie verhouding met haar ma. Sy kan met vrymoedigheid haar gevoelens en ervarings met haar ma bespreek. Sy beskou haar ma as haar rolmodel. Sy getuig van 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus en dat sy haar pa se dood in 'n geestelike konteks aanvaar het. Die treurmodel wat die gesin gevolg het, is volgens die Bybelse treurmodel.

Kind 5: Die verlies van hierdie dogter se oom en beste vriend binne een jaar het haar verward en angstig gelaat. Sy kan nie die doel van hulle afsterwe verstaan nie. Dit het tot gevolg gehad dat sy depressief geraak en selfmoord oorweeg het.

Kind 6: Hierdie dogter toon vier jaar sedert haar ma gesterf het steeds 'n groot behoefte aan haar ma. Sy betree nou die volgende ontwikkelingsfase en het 'n behoefte om intieme sake met 'n ma te bespreek.

Kind 7: Hierdie seun moes na sy pa se dood by sy ouma gaan bly, aangesien sy ma nie meer kans gesien het om hom alleen te versorg nie. Hy ervaar woede oor die sekondêre verlies. Hy het ook nie geloofsekerheid nie en betwyfel die bestaan van God.

Kind 8: Die grootouers van hierdie seun ervaar dat hy sy ma se dood goed verwerk, aangesien hy nie daaroor praat nie. Hulle vind dit nie nodig dat

hy vir terapie gaan nie. Vriende van die gesin is egter bekommerd oor die seun se sosiale aanpassing na sy ma se dood.

Kind 9 en 10: Die ma van hierdie twee kinders het te kenne gegee dat haar kinders nie graag oor hulle pa se dood wil praat nie. Hulle beskou hulle pa se dood as gebeure van die verlede wat hulle ontstel en daarom wil hulle nie daaroor praat nie.

Kind 11: Die ma van hierdie seun is bekommerd oor hom, omdat hy dikwels vrae vra oor die dood na sy oupa se afsterwe. Dit kom vir haar voor asof hy hom van die gesin onttrek wanneer hulle van die oupa praat of na hom verwys. Die seun wou nie vir terapie gaan nie.

Kind 12: Hierdie seun kla van hoofpyn en maagpyn, net om later te kenne te gee dat sy "hart" pyn van verlange vir sy pa. Hy het net een begeerte en dit is dat sy pa moet terugkom.

Kind 13: Vir hierdie dogter is die sekondêre verlies van haar ouers se aandag, tans 'n groter verlies as die verlies van haar broer. Sy het ook ervaar dat haar ouers haar nie troos nie, omdat hulle nie haar liefestaal ken nie.

Kind 14: Hierdie seun het konkrete vrae oor hoe dit in die hemel is. Hy het skeidingsangs openbaar en het gevra wanneer hy gaan sterf.

Kind 15: Hierdie seun het sekondêre verlies na sy broer se dood ervaar omdat sy ma hartseer was. Hy het woede teenoor sy ma openbaar.

Kind 16: Hierdie seun het tot op hede sy pa se dood goed aanvaar deurdat hy voorberei was op sy pa se afsterwe.



Kind 17: Hierdie seun druk sy pyn met die afsterwe van sy oom op konkrete wyse uit deur briewe te skryf waarin hy sê wat hy ervaar. Hy het 'n goeie verhouding met sy pa met wie hy sy gevoelens en emosies deel. Hy volg sy pa se rouproses na.

### **3.6.2. Die formaat van die ongestruktureerde onderhoud**

Tydens die eerste gedeelte van die gesprek het die navorser die kinders 'n voorstelling laat teken van hoe hulle hulleself nou sien. Hierdie oefening het die navorser gebruik om vas te stel of die feit dat die kind 'n verlies van 'n ouer gehad het, 'n invloed het op die wyse waarop hulle hulleself beskou en of die feit dat hulle 'n verlies ervaar het nog op hulle figuurvoorgond was of nie. Die navorser het hierdeur 'n blik gekry op die kind se selfkonsep ten opsigte van hulle status as 'n persoon wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het.

Die navorser het met die kinders 'n gesprek gevoer oor hoe dit vir hulle voel om nie 'n ma of pa te hê nie en daar is spesifiek opgelet na moontlike onvoltooidhede. Verskeie sekondêre verliese is genoem. Hierdie verliese was meestal rondom die take wat die geliefde wat gesterf het vir hulle sou verrig het. Byvoorbeeld 'n ma wat hulle toebroodjies in die oggende inpak. Dit was vir die navorser interessant dat die kinders gesê het dat hulle nie baie anders voel as die ander kinders nie, omdat daar deesdae so baie enkelouergesinne as gevolg van egskeiding is. Dit is dus nie vir hulle vreemd dat hulle net een ouer het nie.

Tydens die tweede deel van die gesprek het die navorser die kinders gevra om te dink aan die tyd net na hulle geliefde dood is. Watter emosies het hulle ervaar en wat was vir hulle die moeilikste om te verwerk of te aanvaar rondom die verlies wat hulle gely het? Die kinders het vertel van emosies van hartseer en verlange. Daar was talle wat gesê het dat hulle "Hoekom?" gevra het. Die navorser het die kinders gevra of hulle vandag nog dieselfde emosies ervaar wanneer hulle aan die geliefde se afsterwe dink. Die kinders het nie meer die emosie van hartseer intens ervaar nie. Hierdeur wou die navorser vasstel wat die kinders se emosies rondom die afsterwe van hulle geliefdes in die hier-en-nou is.

Die navorser het gevind dat die kinders wat al ouer as tien jaar is meer geneig is om geestelike vrae te vra as die kinders onder tien jaar. Daar was kinders in hierdie ongestruktureerde onderhoude wat nog nie 'n antwoord gevind het op hulle vraag waarom God hulle geliefde weggevat het nie. Een kind het aangedui dat God 'n groter plan met sy ma se dood gehad het en dat God daardeur ook 'n plan met hom gehad het. Hy het egter nie geweet wat die plan kon wees nie. Die navorser kon hom begelei in die besef dat hy moeilike tye deurgemaak het as gevolg van die verlies van sy ma. Wat het hy ervaar of geleer doen wat ander kinders dalk nie ervaar het of kan doen nie? Hy het aangedui dat hy 'n groter sensitiwiteit vir ander se seerkry het en dat hy selfstandig is deurdat hy byvoorbeeld op dertien reeds 'n ete kan voorberei. Die navorser het die kind deur middel van die benutting van polariteite tot hierdie bewustheid gebring. Dit het ook 'n goeie doel gedien om die kind te bemagtig en 'n gevoel van selfondersteuning te laat ervaar.

Die derde deel van die gesprek het behels dat die navorser probeer vasstel het wat die kinders gehelp het om deur die verlies van die dood van 'n geliefde te werk. Sinvolle antwoorde wat op hierdie vraag na vore gekom het, word in die volgende afdeling bespreek.

### **3.6.3.     Insigte verkry uit die ongestruktureerde onderhoude met kinders en ouers van kinders wat verlies ervaar**

Uit die ongestruktureerde onderhoude het die navorser tot sekere insigte gekom rakende die kind wat verlies ervaar. Weens die feit dat die kinders met wie die ongestruktureerde onderhoude gevoer is, reeds jare gelede verlies ervaar het, kon die navorser insig verkry in hoe kinders wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, in die oorgang na die volgende ontwikkelingsfase weer die trauma van die verlies ervaar. Vir kind 6 wat haar ma op sewejarige ouderdom verloor het, is haar ma se dood vir haar nou, op elfjarige ouderdom, steeds 'n groot gemis. Sy is nou in die ouderdomsfase waar sy 'n behoefte het om oor persoonlike sake soos seks en menstruasie met iemand te praat. Alhoewel haar ouma die rol probeer vervul, voel dit vir die meisie asof sy nie dieselfde vrymoedigheid kan hê as wat sy met haar ma sou hê nie. Die afwesigheid van

haar eie ma veroorsaak dat sy nog 'n bepaalde onvoltooidheid in haar lewe ervaar. Kind 4 het te kenne gegee dat haar mees negatiewe ervaring van haar pa se afwesigheid tot dusver in haar lewe op elf- tot twaalfjarige ouderdom was.

Kinders wat reeds jare tevore 'n geliefde aan die dood afgestaan het, het die volgende aspekte genoem wat positief tot die verwerking van hulle verlies bygedra het:

- Ander volwassenes wat 'n belangrike rol speel.

Kinders wat verlies ervaar het, het nodig dat ander volwassenes soos die oorblywende ouer, 'n grootouer of gesinsvriend 'n sterk band met die kind vorm om die kind die nodige ondersteuning te verleen in die tyd na die verlies. Kind 4 wat reeds agt jaar gelede haar pa verloor het, getuig dat sy 'n besondere verhouding met haar ma het en dit het haar gehelp om die dood van haar pa sinvol te verwerk. Haar ma het moeite gedoen om met haar te praat oor hoe sy voel en haar by die rouproses betrek.

- Geloof

Kinders wat van sterk geloofsoortuiging is, het die dood van die geliefde makliker verwerk. Kind 4 het aangedui dat sy direk na haar pa se dood vrede ervaar het omdat haar pa nie meer pyn het nie en sy hom weer eendag in die hemel sal sien. Geloof gee hoop dat die dood nie finaal is nie. Daar sal 'n weersien wees. Al die kinders wat 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het, het getuig dat hulle met hulle pyn en hartseer na Hom toe kon gaan en dat Hy vir hulle vertroosting gegee het. Kinders se geloofsvlakke verskil egter en dit het 'n invloed op hulle geestelike beleving van die dood, ongeag die kind se ouderdom. So het kind 13 wat net 5 jaar oud is, 'n vaste sekerheid dat sy haar broer weer sal sien. Kind 5 wat reeds 15 jaar oud is en ook gelowig is, het die dood van haar geliefdes as 'n geloofskrisis ervaar.

Dit was vir die navorser duidelik dat die meeste kinders wat ouer as tien jaar is, hulle geloof geassimileer het en nie introjekte rondom geloof so maklik aanvaar nie. Die

navorser is van mening dat kinders in hierdie ouderdomsgroep meer abstrak dink en hulle daarom meer met geloofsvrae worstel. Dit het tot gevolg dat wanneer hulle deur die geloofsvrae geworstel het hulle dit óf kan verwerp óf kan assimileer.

- Tyd

Kind 1 het aangedui dat tyd die pyn genees. Hy het gesê dat dit direk na sy ma se dood vir hom baie erg was, maar dat dit gaandeweg vir hom meer hanteerbaar geword het. Hy is van mening dat die terapie na sy ma se dood nie vir hom van waarde was nie. Hy kon nie vir die navorser 'n rede daarvoor gee nie. Hy het die terapie eenvoudig net nie positief ervaar nie. Die navorser se indruk was dat hierdie seun se kontakgrens beperk is en dat hy nie gemaklik teenoor 'n terapeut sou reageer nie, tensy die terapeut moeite met verhoudingsbou gedoen het.

#### **3.6.4.      Insigte verkry uit die ongestruktureerde onderhoude met kundiges**

Tydens die ongestruktureerde onderhoude met kundiges het die navorser gevind dat die kundiges se ervaring van die kind wat verlies ervaar grootliks ooreenstem met die navorser se bevindinge in die literatuur. Die navorser het tydens die onderhoude met die kundiges veral opgelet na hulle ervaring ten opsigte van die kind wat verlies ervaar se geestelike beleving. Suster Annemarie Oberholzer van die Kindersorgprogram by Unitas Hospitaal in Centurion het daarop gewys dat kinders hulle ouers se geloofsvoorbeeld navolg. Sy ervaar dat kinders wie se ouers openlik getuig van 'n vertrouwe en geloof in God, self ook spontaan praat oor hulle geestelike beleving met die verlies van geliefdes.

Ds. Gerhard Oberholzer van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Doornkloof in Centurion werk op pastorale gebied binne die raamwerk van Gestalt met kinders wat verlies van 'n geliefde ervaar het. Die navorser het die volgende waarnemings van sy pastorale hantering van so 'n kind aangeteken:

- Die kundige skep 'n veilige omgewing waarin die kind kan ontspan en sy onmiddellike omgewing positief kan ervaar. Om dit te bewerkstellig benut hy aangename aktiwiteite waarvan die kind hou. Die kundige is van mening dat die kind se emosies rondom die ervaring van verlies weens die dood, binne so 'n veilige en aangename omgewing die beste hanteer word.
- Die kundige poog om abstrakte konsepte deur middel van prente en storievertelling visueel vir die kind voor te stel.
- Die kundige bepaal eers wat die kind se konsep van die dood is en wat hy glo en ervaar ten opsigte van die dood en die lewe na die dood. Hy ontmoet die kind op dié se vlak van ervaring en beweeg dan saam met die kind na dit wat vir die kind onbekend is en waaroor die kind vrae het.
- Die kundige is van mening dat daar wel vrae is wat kinders vra in hulle ervaring van pyn en verlies, waarvoor ons nie konkrete antwoorde vanuit die Bybel kan gee nie. In sulke gevalle hanteer die kundige dit as die misterie van God. 'n Voorbeeld hiervan is waar die kind vra waarom God hulle geliefde laat doodgaan het. Die kundige se uitgangspunt volgens die Bybel is dat God 'n plan vir elke mens het en ook met elke gebeurlikheid wat met 'n mens plaasvind. Dikwels is die mens bewus van 'n rede waarom God sekere gebeure toelaat, maar ander kere kan daar net na die misterie van God in sy werking in die mens se lewe verwys word.
- 'n Voorbeeld van hoe die kundige in die praktyk 'n vraag sal hanteer wat moeilik beantwoord kan word, is die volgende: Die kundige skep met die mat in sy spreekkamer 'n voorstelling van 'n bergagtige gebied. Hy plaas 'n speelgoedmotor op die mat. Hy vra aan die kind om homself voor te stel dat hy in die motor ry. Die kind visualiseer die groot berg voor hom. Die kundige sê aan die kind dat hy nou met die motor oor die berg gaan ry. Die kind gee terugvoering oor hoe hy dit ervaar. Die kind gee te kenne dat dit 'n moeilike taak is. Die kundige vra aan die kind of hy dink dat dit vir God moeilik is om die motor aan die anderkant van die berg te kry, as God van bo na die toneel kyk soos wat die kundige en die kind nou daarna kyk. Die kind antwoord gewoonlik dat dit nie vir God 'n probleem behoort te wees nie, want Hy kan die hele prent sien. Die kundige sluit daarby aan deur die kind daarop te wys dat die kind se pyn vir hom nou soos 'n berg voel waaroor hy

nie kan beweeg nie. God sien egter sy situasie binne 'n groter perspektief. God sien reeds die anderkant van die berg. Die kundige sluit by die misterie van God aan deur nie vir die kind antwoorde te gee nie, maar dit as 'n oop vraag aan die kind te stel of die kind nie dalk dink dat God besig is om te werk aan 'n groter plan nie.

### **3.7. SAMEVATTING**

Uit die gevallestudies met die jonger kinders (6-8 jaar) en die ongestruktureerde onderhoude met oueres (10 jaar en meer), was dit vir die navorser duidelik dat die ouderdom van die kind wat verlies ervaar bepalend is vir die kind se geestelike beleving na die afsterwe van 'n geliefde. Die jonger kinders het eenvoudig aanvaar dat hulle geliefde in die hemel is, by Jesus. Dit is vir hulle 'n gegewe as kinders wat in die Christelike geloof opgevoed is. Die navorser is van mening dat die konkrete kognitiewe denkprosesse van die kind in hierdie ouderdomsgroep 'n groot rol speel in die konkrete aanvaarding van die dood.

Die navorser het gevind dat introjekte van geloofswaarhede by die jonger kinders 'n bepaalde inslag vind. Dit is egter moeilik om te bepaal of geloofswaarhede introjekte is en of die kinders wel geloofswaarhede geassimileer het. Die navorser het dikwels ervaar dat kinders sekere antwoorde gee wat toon dat hulle nie baie oor die verduideliking van die dood gedink het nie. Dit is 'n antwoord wat vir hulle gegee is wat hulle bloot herhaal.

Tog vind die navorser dat hierdie stand van sake nie noodwendig negatief hoef te wees nie. Die navorser se ervaring was juis dat die kinders vanweë hulle kinderlike aanvaarding van die verduidelikings aangaande die dood, in geheel 'n goeie aanvaarding toon van hulle geliefde se dood. Op hierdie ouderdom aanvaar hulle dit wat mense wat hulle vertrou vir hulle leer. Dit dra volgens die navorser grootliks by tot hulle aanvaarding van die dood en die hemel. Wanneer die geestelike aspekte in die terapeutiese intervensie ter sprake kom, is die navorser van mening dat die terapeut by die kind se vlak van bewustheid moet bly en nie vrae behoort te stel wat die kind sal

forseer om op 'n hoër kognitiewe vlak te funksioneer nie. Indien geloofsaspekte nie vir die kind 'n geestelike krisis is nie, moet dit so aanvaar word. Oop projeksies kan waardevol aangewend word om die kind se vlak van bewustheid te bepaal.

Die moontlikheid bestaan dat 'n krisisbeleving wel in die daaropvolgende ontwikkelingsfase wanneer kinders meer abstrakte vrae vra, kan voorkom. Ouers moet daarop gewys word om op te let na die moontlikheid hiervan en gereed te wees om daarop te reageer, hetsy deur hulle eie insig of deur professionele hulp. Laasgenoemde mag nodig wees, aangesien die ouer kind in die laerskool (vanaf 10 jaar) werklik meer indringende vrae begin vra oor waarom sy geliefde moes sterf. Die navorser skryf dit daaraan toe dat die kind kognitief in staat is om meer abstrak te dink. Enige moontlike introjekte sal in hierdie ouderdomsfase verwerp word of geloofswaarhede sal geassimileer word. Indien die kind tot op hierdie ouderdom introjekte aanvaar het, maar dit na oordenking verwerp, is die navorser van mening dat dit 'n geloofskrisis rondom die aanvaarding van die dood en die soewereiniteit van God tot gevolg kan hê.

Die navorser het die teologies kundige se insette ten opsigte van die hantering van moeilik beantwoordbare geloofsvrae waardevol gevind. Dit was opmerklik dat die wyse waarop die pastoraat hanteer is so goed met die Gestaltbenadering integreerbaar is.

Die navorser het gevind dat terapeutiese intervensie in hierdie ouderdomsgroep goed beleef word juis omdat die terapeutiese proses die kind toelaat om self te dink oor geloofswaarhede en geen introjekte gegee word nie. Die kind ervaar hierin 'n gevoel van bemagtiging. Tegnieke waar daar eksperimenteel gewerk word deur die terapeut se benutting van selferkenning, werk goed. 'n "I-Thou"-verhouding tussen die kind en die terapeut het tot gevolg dat die kind ervaar dat die terapeut sy mening ook belangrik ag; daarom is dit vir die terapeut nodig om moeite te doen met die verhoudingsbou met die kind van hierdie ouderdom.

Die navorser maak die gevolgtrekking dat dit vir die jonger kinders soos in gevallestudies B en C bewys is, van groot belang is wanneer 'n plaasvervangende

persoon die plek van die afgestorwene kan inneem. Kinders wat 'n ma verloor het soos in hierdie gevalle, smag na 'n moederfiguur in hulle lewe. Andersins moet daar 'n volwassene wees wat werklik uitreik en tyd saam met die kind spandeer om op te maak vir die leemte wat die kind as gevolg van die dood van die geliefde ervaar.

Uit gevallestudie A is dit ook duidelik dat die oorblywende ouer of ander volwassenes se proses van rou 'n groot invloed het op die kind se verwerking van die dood. Soos in gevallestudie A getoon is, het die kind nie vrymoedigheid geneem om met haar ma oor haar gevoelens te praat nie, omdat sy nie verder haar ma wou ontstel nie. Dit het meegebring dat die kind haar gevoelens binne gehou het en nooit oor die intense seer gepraat het nie. Dit is moeilik om vir ouers hierin voorskriftelik te wees, aangesien hulle ook toegelaat moet word om deur hulle eie rouproses te werk. In so 'n geval sal terapeutiese intervensie waarskynlik van groot waarde wees.